Kind en wet

Inleiding

“Ma, hoekom lees ons elke Sondag in die kerk die wet?”

Nie ’n onbekende vraag nie. Wel ’n vraag wat beantwoord moet word.

Die antwoord moet sinvol wees. Jou kind moet met die antwoord kan werk.

Dit is belangrik om aandag te gee aan hoe jou kind die erediens elke Sondag beleef. Ek hoop om in hierdie artikel ’n bietjie aandag te gee aan hoe ’n mens prakties kan praat oor hoe ons kinders die wet in die erediens beleef. En dan verder, hoe kan die wet in die week wat volg toepaslik gemaak word.

God se wet is immers altyd aktueel.

Die wet: ’n las of ’n lus

“Die wet”, dit klink streng. Dit voel of die wet ons net beveel wat ons nie mag doen nie. En dan is dit meestal dié dinge wat vir ons baie lekker is om te doen.

Dis hoe ek dit ook altyd beleef het. Veral toe ek ’n kind was. Hoe beleef jou kind die wet van God? Ek glo nie hulle beleef dit anders nie.

Ek het op ’n keer vir ’n groep jong kinders gevra: “Hoe kan jy in die hemel kom?”.

Die meeste kinders het eers bietjie gedink, en toe antwoorde gegee soos: “Om die wet van God te hou.” Of: “Lewe soos God vra.”

Nadat ons hierdie saak bespreek het, was my gevolgtrekking: kinders glo hulle moet eers werk voordat hulle kind van God kan wees.

Is ons as volwassenes meer gevorderd in ons denke oor en belewing van ons geloof?

Hoe word die wet prakties gemaak in ons daaglikse lewe? Hoe gee ons dit in woord en daad aan ons kinders deur?

Ons moet onsself en ons kinders goed laat verstaan dat ons saligheid buite onsself, in Christus lê. Nie deur die wet te onderhou om so verlos te word nie, maar die wet gehoorsaam en navolg omdat verlossing aan jou belowe en gegee is.

Ek herinner my enkele verse uit Psalm 119 wat ek op 16-jarige ouderdom in ’n erediens saamgesing het. Die preek het ook oor hierdie gedeelte gehandel. Die gedagte het toe by my opgekom: “Hoe kan die predikant en die psalmdigter so ’n positiewe benadering hê oor die wet?” Die wet is iets wat jou inperk. Die wet kan tog nie ’n teken van bevryding genoem word nie? So ’n gedagte is seker iets wat by volwassenheid tuishoort. Miskien sal ek later verstaan. En inderdaad, ek verstaan nou. Dis net jammer ek het dit nie vroeër reeds besef nie.

Dit beteken nie ons moet sê: “Moenie bekommerd wees nie, jongmense sal later verstaan nie.” Want so word jongmense vir ’n periode van hul lewens van iets baie moois ontneem.

Hoe kan ons kinders help om die wet reeds vroeg in hulle lewens reg te verstaan? En hoekom is dit van uiterste belang dat die wet elke week in die erediens voorgelees word?

Hoe kan die wet positief deur hulle (en ons) benader word?

Die wet is die pad na die lewe

Eintlik is die wet van God 'n onvoorstelbare gawe van God aan sy kinders. Die feit moet ons oor en oor aan ons kinders voorhou.

Ons kan die mooiste dinge oor die wet sê. Lees maar saam:

Die erediens het nou-net begin.

Die eerste geskenk: *"Genade en vrede",* wat deur die predikant namens God uitgespreek word.

"Genade" beteken: "die Here God neem al jou sondes weg". Jy is sy kind. Hy het reeds sy Seun gestraf vir die sondes van sy kinders. Waarvan jy een is.

Eintlik moet die Here onsettend kwaad wees vir ons. Ons verdien swaar straf vir al ons sondes. In die plek daarvan sê Hy: *"Vrede".* Wat beteken: "Ek is nie meer kwaad nie, want daar is reeds betaal. Ek het reeds iemand gestraf."

Maar dan moet jy besef watter sondes jy gedoen het. Het jy regtig soveel verkeerd gedoen?

Baie kinders, en sekerlik ook volwassenes, het nie die vaagste benul hoe groot hul sondeskuld voor God is nie.

Daarom is dit goed om die wet reeds aan die begin van die diens te hoor. So word jy gewys hoe die goeie God wou hê dat jy moes leef die afgelope week.

Maar ons moet nog meer sê. Want aan die begin van die erediens het jy die grootste geskenk denkbaar ontvang: Die belofte van die ewige lewe.

Wat maak jy met so groot geskenk? Die minste is om "dankie" te sê.

Dan sal jy ook wil lewe soos wat die Gewer van die groot geskenk van jou vra. Hy het jou lewe gered van die dood, ewige dood.

Sal jy anders wil lewe as wat Hy van jou vra? Tog sekerlik nie?!

Weet jy hoe Hy wil hê jy moet lewe? Dit staan alles in sy wet geskrywe. Dis waarvoor Hy die wet gegee het. Daarom luister ons elke Sondag na sy wet in die erediens. Vir vaders, moeders en kinders.

Hy wil die wet by ons inskerp: Moenie my wet vergeet nie, slegs op die weg wat dit vir jou wys, is die lewe goed.

As 'n mens so na die wet luister in die erediens, dan is dit glad nie meer aaklige en onaangename dinge wat die Here van ons vra nie.

Die rykdom van die wet

Die wet van God gee ons 'n pragtige sig op God self. Sy liefde vir ons kom so duidelik na vore. Dit is nie: "Jy mag nie dit en jy mag nie dat nie." Die wet bied presies die teenoorgestelde. Dit laat 'n mens sprakeloos. God se wet is oorvloedige liefde van sy kant: "Ek is julle Verlosser." So maak God Hom aan ons bekend: Ek is die God wat julle bevry uit die hand van die slawedrywer, die satan.

Die satan het net belang by een ding: julle dood. Maar Ek soek julle lewe.

Dit is die kosbare begin van God se wet. As jy mooi daaroor dink, roep dit stille bewondering op. Hoe goed is God vir ons… Hoekom eintlik? Ons verdien dit nie! En tog… Is dit nie ’n groot rykdom om met jou kinders oor hierdie God te kan praat nie?

So kom ons by die tien reëls. Omdat Ek goed is vir julle, leef daarom soos wat Ek vra.

Hierdie tien reëls is alles behalwe reëls wat die lewe onaangenaam maak.

Dit is verseker sinvol om die tien gebooie in ander woorde vir kleiner kinders saam te vat.

Oor die algemeen kan ons die wet uit ons kop uit opsê, maar ons is baie swakker daarin om dit prakties toepasbaar te maak. ’n Ander formulering van die wet kan dit vir ons kinders meer laat leef.

Hieronder ’n poging

Dien net vir My.

Dien net vir my soos wat Ek vra.

Die Here is heilig. Met Hom word nie die spot gedryf nie. Vertel van sy groot dade.

Jy kry elke week ’n rusdag as feesdag.

Luister goed na die mense wat jou die pad na die ewige lewe voorhou.

Sorg goed vir mekaar.

Doen wat jy belowe het.

Pas mekaar se goed mooi op.

Praat goed van jou naaste.

Wees tevrede met dit wat God gee.

Om die wet van God so vir kinders voor te hou, gee hulle die geleentheid om dit beter te verstaan. So sien hulle veral God se positiewe bedoeling met sy wet. Hy wens vir ons die goeie. Miskien is dit mooi om hier te noem dat dit reeds ’n stukkie belewing van God se koninkryk is. Want by die nuwe hemel en nuwe aarde verander die wet nie. Eintlik is die voorlesing van die wet reeds ’n stukkie koninkryk van God op hierdie aarde.

Lewe met die wet van God is waarlik goed.

JJD Baas

© 2011
www.christelikebiblioteek.co.za